



GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 1/20
Newsletter of the VOC Foundation


Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregistreer by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It registered as such with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com. **Finansies/Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!

Algemene Jaarvergadering uitgestel

Stigting VOC se bestuurskomitee het besluit om ons AJV wat op 4 April 2020 sou plaasvind uit te stel, aangesien die lokaal by SASNEV van 20 Maart 2020 tot 13 April 2020 as gevolg van die aansteeklike virus-gevaar gesluit sal wees. Wanneer 'n nuwe datum bepaal is, sal ons lede per **Roeper** in kennis gestel word. Ons Stigting is vanjaar 'n kwarteeu oud. Besoek webblad. Bekyk ons dae.

Dr Johann Theunis Mets (1924-2019)



Ons neem met groot spyt afskeid van ons mede-lid en jarelange vriend Han Mets, wat op 12 Desember 2019 in sy slaap oorlede is. Han is by Bandung op Java-eiland gebore en was 16 toe hy in 'n Japanese arbeidskamp geplaas is om as 'n verpleërshulp te werk. Na die oorgawe van Japan in 1945 is die gevangenes vrygelaat, en Han is Nederland toe gestuur om eers hoërskool te voltooi en daarna by die Universiteit van Leiden as mediese student in te skryf. Hy en Thea Pleysier, 'n verpleegster, is in 1954 getroud. Hy het vir Shell Internasionaal in Java gewerk, en daarvoor spesialiste kursusse in Tropiese Medisyne en Bedryfsgesondheid gevolg. In 1968 het hulle Suid-Afrika toe geëmigreer, om by Volkswagen in Uitenhage as Hoof Mediese Amptenaar te werk. Daar het hy ook die graad D. Med. (Universiteit van Pretoria, 1979) behaal met 'n proefskrif oor personeelafwesigheid by 'n motorfabriek. Na sy aftrede het hulle Kaapstad toe verhuis, en Han het as senior lektor die vak Bedryfsgesondheid by die Universiteit van Kaapstad se Mediese Skool doseer.

Han was die modellid van 'n vereniging soos Stigting VOC; altyd entoesiasies, bereid om te help, blymoedig en jonk van gees. Hy het getrou elke vergadering bygewoon (swart pet, voorste of tweede ry), positief en intelligent saamgepraat of raad gegee, op elke uitstappie of toer saam gereis, en altyd bereid om oor Indonesië te praat of iets te skryf. Met 'n ruim geldelike skenking het hy in 2019 ons Restourasiefonds tot stand gebring. Die fonds sal voortaan sy naam dra: die **Han Mets Restourasiefonds**. Han en Thea word oorleef deur hul kinders Berend, Marjolijn en Jeanette, hul gades, vyf kleinkinders en een agterkleinkind, wie se doop hy nog bygewoon het.

* Klik op die skakel vir 'n uitgebreide CV, waarvoor ons sy dogter Jeanette bedank.

Nuwe lede

Ons verwelkom graag die volgende nuwe lede van ons vereniging:

Mnr Eduan Swanepoel, eienaar van 'n Africana-boekwinkel op die VOC-dorp Swellendam.

Mnr Daniel Malan Jacobs, B.A.Hons.(Geskiedenis), 'n vryskutnavorsers en o.a. die skrywer van die eerste biografie van mnr Ton Vosloo, jarelange voorsitter van Media24. Mnr Jacobs was nog in November 2019 ons gasheer op Babylonstoren, waar hy werksaam is.

Mnr Alex Giardini, MA-student (Koloniale Geskiedenis) aan die Universiteit van Leiden. U sal hom onthou as die gids en mede-organiseerder van ons besoek aan die Olifantsriviervallei in 2018.

Ons wens hulle 'n lang, aktiewe en gelukkige verbintenis met Stigting VOC.

Ons derde kommandeur

Kommandeur Van Riebeeck is goed bekend, Zacharias Wagenaer minder so en van die derde kommandeur is so min bekend dat hy 'n volle bekendstelling nodig het. Cornelis van Quaelbergh het in 1639 as 'n assistent (klerk) op die skip *Maria de Medici* in Batavia gekom. Hy is op die Coromandelkus (Ooskus) van Indië geplaas, waar hy in 1644 tot onderkoopman, in 1647 tot koopman en in 1650 tot opperkoopman bevorder is. Van 1652 tot 1657 was hy opperhoof van Masulipatnam; in daardie jaar is hy van privaathandel aangekla en Batavia toe ontbied. Hy slaag daarin om sy onskuld te bewys en vertrek in 1657 Nederland toe as admiraal van die retoervloot. In 1666 tree hy weer in die Kompanjie se diens en word as kommandeur Kaap toe gestuur om Wagenaer op te volg; hy dien hier van 27 Februarie 1666 tot 18 Junie 1668. Van Quaelberg word nogmaals Batavia toe ontbied om hom te verantwoord, die keer op 'n beskuldiging dat hy met die Franse Oos-Indiese Kompanjie saamgewerk het. Jacob Borghorst, wat sy hele fortuin (in die vorm van sakkies met edelstene om sy lyf gebind) verloor het toe die Engelse hom in 1666 krygsgevangene neem, word Kaap toe gestuur om hom te vervang.

Van Quaelberg bly in Batavia werksaam, en dien daar as ouderling, lid van die Schepenebank en vise-voorsitter van die Weeskamer. In 1672 word hy as admiraal aangestel van 'n oorlogsvloot van agtien skepe en na die see rondom Ceylon gestuur; dit was in die Rampjaar. tydens die Derde Seeoorlog teen Engeland; hulle lewer op 1 September 1673 van nege-uur tot twaalfuur slag teen 'n Engelse vloot van tien skepe, waarvan drie verower word. In Desember 1676 word Van Quaelberg goewerneur van die Banda spesery-eilande, waar hy tot 1680 bly. Daarna word hy goewerneur van Malakka en word met die titel 'Raad-extraordinaris van Indië' vereer. Van 1684 tot 1687 is hy Raad-ordinaris, of lid van die Hoë Raad van Indië. Hy is op 3 Februarie 1687 in Batavia oorlede. [P. van Dam: *Beschrijvinge van de Oostindische Compagnie, vol. II. deel 2*, p.144.]

Die Kompanjies tuin, Kaapstad

Ons Stigting het verlede jaar aangesluit by die pasgestigte Vriende van die Kompanjies tuin, en op Saterdag 25 Januarie 2020 'n entoesiastiese groep Vriende gelei op 'n ekspedisie deur die Tuin, of wat ná 368 jaar daarvan oor is. Ons het hulle ook aangemoedig om vanjaar ons lesings by te woon, om meer te leer oor die vyf tuine wat die Kompanjie in verskillende dele van die Skiereiland bedryf het. Die ou Kompanjies tuin het ongelukkig deesdae 'n vuil en slordige voorkoms; selfs die boomrotte ('eekhorings') lyk maer en brandsiek. Die Vriende gaan hulp nodig hê. Een van hul mikpunte is om die bergstroom wat vroeër deur die tuin gevloei het, terug te bring.



Foto's: R.Rode

Bekendstelling van VOC-inligtingsbron


Sekretaris Rudolf het 'n interessante gratis naslaanbron oor die 'loffelijke Compagnie' ontdek, wat ons hiermee aan ons lede bekend maak. Dit is handig, daar is volop om te lees, te geniet en te leer, maar vir die korrektheid daarvan kan ons nie instaan nie. Die ding om te doen is dus om enige inligting wat u wil gebruik eers met 'n tweede en selfs derde bron te vergelyk. Vooruit na die verlede; klik op die blou skakel. <https://www.vocsite.nl> Lekker lees.

Kaarte in die VOC-raadsaal, Amsterdam

Lid Piet Westra het op 20 November in Babylonstoren se leeskamer verwys na die muurkaarte wat Here Sewentien se raadsaal in Amsterdam versier het. Die ou gebou (uit 1660) in Hoogstraat word nou deur die Universiteit van Amsterdam gebruik, en hulle het moeite gedoen om 'n deel van die gewese raadsaal so getrou as moontlik te restoureer, na die voorbeeld van die oorspronklike.



VOC Hoofgebou in Hoogstraat, Amsterdam (links) 1680 en (regs) 2012



Raadsaal met karate aan mure. Here XVII vergadering om Prins Willem van *hoofdparticipant* aan te stel. (Regs) As lesingkamer van Universiteit van Amsterdam. **Foto's:** Helena Scheffler.

Uitstappie na Babylonstoren

Agt-en-twintig van ons lede, van so ver as Swellendam het die plaas Babylonstoren in Drakenstein op 20 November 2019 besoek, as gaste van die eienaar, mnr K. Bekker. Ons is met 'n koppie koffie deur sy verteenwoordigers, Me. Liesl van der Walt en mnr Daniel Jacobs verwelkom. Me Van der Walt, die plaas se hoof tuinier, het ons deur die manjifieke vrugte, groente en blomtuinte begelei, en vele interessante oore oor die plante, maar ook oor die plaas meegedeel. Die rondleiding het in die tropiese kruiehuis geëindig, waar bekende Oosterse speserye soos peper en kaneel in 'n klimaatbeheerde glashuis gekweek word. Wat sou Here Sewentien sê as hulle daarvan hoor?

Ons het middagete as mnr Bekker se gaste by 'n lang tafel geniet. Die diens en hoflikheid van die tafelbediendes, benewens die voortreflike voorbereiding van die voedsel, was opmerklik.

Na ete het ons in die lesingkamer vergader, waar lid Piet ('n bibliotekaris van beroep) die plaas se rare *Atlas Blaeu van der Hem* aan ons vertoon en verduidelik het (Babylonstoren het 'n uitgebreide Africana biblioteek). Mnr Jacobs het ons ook 'n geleentheid gegee om na die plaas se grondbrief, deur Goewerneur Simon van der Stel en Sekretaris J.G. de Grevenbroek onderteken en 'n ongedateerde kaart van die Wes-Kaap te kyk. Babylonstoren se naam op dié kaart help om dit te dateer, as van tussen 1693 en 1695. Mnr en Mev Bekker is per brief bedank vir hul gasvryheid en 'n uiters interessante en genotvolle uitstappie.

Dit is moeilik om 34 foto's per e-pos uit te stuur, dus het Rudolf hierdie skakel aan ons beskikbaar gestel sodat ons na almal kan kyk:

<https://www.dropbox.com/sh/rtl6hc23b2nl4zj/AACUkPeMq4I80-t1owssE3ePa?dl=0>

Nog 'n nuwe VOC-versinsel.

Om 13:50 op 23 Desember is op RSG, in 'n uitsending oor die Kleimuseum op Durbanville vertel dat daar (ter plaatse) kleiteëls vir die VOC gebak is om as ballast op die retoerskepe, ("as hulle terugvaar") gebruik te word. Selfs Jan van Riebeeck se naam is genoem. 'n Mengelmoes van nuwe versinsels is daardeur landswyd versprei.

Eerstens moet ons kyk na die VOC se aktiwiteit in die Tygerberg en die vroegste grondbriewe aan vryburgers. Ons is bekend met die VOC se buiteposte en hul gebruik in die Tygerberg gedurende sy bestaan, en daartussen was geen pottebakkerie nie. Grondbriewe is van 1670 in die Tygerberg aan vryburgers uitgereik. Het enige vryboere kleiteëls aan die Kompanjie verkoop? Daarvan is geen word of teken in die Argief nie.

Tweedens, net die heel swaarste voorwerpe (per volume) soos lood, yster en graniet, kon as ballast op skepe gebruik word, maar nooit ligte voorwerpe soos teëls of kauriskulpe (soos Wikipedia ons ook probeer wysmaak) nie, anders sou daar geen plek in die vragruim vir winsgewende vrag oorbly nie.

Derdens, retoerskepe is op die reede van Batavia gelaai. Heel onder, op die valskiel, is die nodige ballast gelê (ou kanonne, ou ankers, ou grafstene), daarop die swaarste vrag (soos salpeter, tin) daarna die ligter vrag (soos rys, tekstiel) en heel bo-op die ligste, soos tee.

Daarna is die luik toegespyker en verseël, met presenning (teerseil) oorgetrek en daardie luik is nie weer oopgemaak voordat die skip in sy tuishawe ontskeep is nie, behalwe in die geval van 'n lek in die romp op see, en dit kon nie met *kleiteëls* herstel word nie. Daar was dus geen noodigheid om 'teëls vir ballast' aan die Kaap in te skeep nie.

Die lewe van 'n VOC-klerk

Hoe het die Kompanjie se ongetroude *assistenten*, byvoorbeeld 'n jongeling soos die twee-en-twintigjarige Jan van Riebeeck in 1640 in die kaserne vir onderkooplui, boekhouders en assistente (klerke) in Kasteel Batavia geleef? Daar was omtrent 100 van hulle wat in verskillende kantore soos die sekretariaat, die negosiekantoor, die soldykantoor en die weesmeesterskantoor gewerk het. Almal was verplig om hul verblyf binne die Kasteel te neem en by die '*generaele taeffel*' te eet. Hul gedrag is streng gereguleer met 31 reglemente, en vir oortredings was daar arbitrêre strawwe soos om vir 'n week op water en brood gesit te word, slae met die kolf van 'n geweer of geldboetes, waarmee eenmaal per jaar vir 'n feestelike maaltyd betaal is.

As die poort om halves geopen woerd, moes hul opstaan, die hande en gesig reinig, die oggendgebed bywoon en om sesuur by die werk wees. Ontbyt was van halfagt tot agt en is staande geëet. Die middagmaal was van elfuur tot eenuur en die aandete om sesuur. As die

werk dit vereis, moes hulle na ete na die werk terugkeer, en by kerslig werk.

Niemand mag in 'n skottel tas voor die tafelgebed gesê is nie. Elkeen moes sorg vir sy eie mes. Gedurende die ete moes hulle hul stil gedra, nie vloek, god laster of twis, geen 'geroep, geraes of getier' maak nie, en staan vir die dankgebed.

Die naamrol is elke aand gelees. Almal moes die aandgebed bywoon, sowel as die voormiddagpreek op Sondaes. Saans moes hulle stil na hul plekke op die slaapsolder gaan en nie daar rook, dronk drink, dobbel, vuig slaan, hare pluk of mes trek nie.

Vir verblijf ende kostgeld is maandeliks een reaal van agt van hul salaris afgetrek; die reaal, 'n Spaans-Amerikaanse munt, se waarde was ongeveer gelyk aan die *rijksdaler* (f3, of f2, 4 Indiese valuasie.) [J.A. van der Chijs (red.): *Nederlandsch-Indisch Plakaatboek, 1602-1811. Deel 1*, 5.11.1640, pp. 448-454; C.R. Boxer: *The Dutch Seaborne Empire*, pp.304-305.]

Die VOC in die Krugerwildtuin

Dr W.H.J. Punt, 'n bekende op die gebied van die Suid-Afrikaanse nasionale erfenisterrein, is onlangs op 86-jarige leeftyd in Pretoria oorlede. Hy het 'n leidende rol gespeel by meer as 40 bewarings- en restourasieprojekte landswyd en het talle toekennings hiervoor ontvang. Dit sluit in die bewaring van die sierlike Wesfasade van die Kerkplein in Pretoria, die restourasie van die Paul Krugerhuis op Boekenhoutfontein, restourasie van huise in Tulbagh en die Macroriehuis in Pietermaritzburg. Hy word oorleef deur sy vrou Martie, drie kinders, agt kleinkinders en sewe agter-agter kleinkinders.

Sy bydrae tot ons VOC-geskiedenis is sy boek *Die Eerste Europeane in die Nasionale Krugerwildtuin 1725*, (Raad vir Nasionale Parke. Pretoria, 1975) waarin hy die roete van die ekspedisie onder leiding van Francois de Cuyper en Jan Monna van die buitepos Fort Lijdzaamheid (Maputo) af oor die Lebomboberg tot 30 myl suid van Skukuza af volg en beskryf. De Cuyper se joernaal bevat inligting oor die geografie, inboorlinge en diere van die streek. Daar is oorspronklike name van riviere in die Oos-Transvaal, name van inboorlingstamme en -hoofmanne in die streek en verwysings na die handel in goud, koper en yster in die gebied.

Hy het ook gesorg dat 'n gedenkteken vir die VOC-ekspedisie in die Wildtuin opgerig word.

Behouwde vaert / Selamat jalan

D. Sleight (Dr): Redakteur

Jean Sleight: Tegnies